Suid Afrikaanse Stoeifederasie
South African Wrestling Federation

Mnr HP. Van Heerden
Bloemstraat 29
POTCHEFSTROOM
2531

SEL: 082 701 5616
FAX: 086 567 5616

E-POS: hpvh@vodamail.co.za

26 April 2010

WEB PAGE:- http://www.wrestling.org.za

OMSENDSKRYWE 03/2010

Neem asb kennis van die volgende belangrike punte en verseker asb dat die inligting na almal in die vereniging versprei word.

ADMINISTRATIEWE RAAD SAKE.

Dat die persone wat Vrydag, 30 April 2010, die SA G-R Kampioenskappe in Bellville gaan bywoon moet asb vroeg ry die oggend om die druk verkeer te vermy.

Skale sluit om 08h30.

Daar is nog paspoort afskrifte uitstaande vanaf Stoeiverenigings - die wat bewys van aansoek ingedien het by die SA Graderings.
Die Sek. Gen wag vir die paspoort afskrifte

FINANSIES:

Provinsies se betalings vir registrasies moet die registrasies vergesel, daar is tans 'n tendens dat betaling weke en selfs maande na die registrasie aan die Federasie gemaak word, dit het 'n baie negatiewe impak op die Federasie se kontant vloei en behoort dadelik reggestel te word.

Aangeheg tot hierdie skrywe vind asseblief die stoeifederasie se finansiele beleid.

ONTWIKKELING SAKE

BEAMPTE RAAD SAKE

AFRIGTER SAKE

1. Richard Addinall(jnr.) is verkies as die amptelike verteenwoordiger van die stoeiers. Hy sal die stoeiers verteenwoordig by die S.A. Uitvoerende Bestuur. Die Afrigters Komitee sal Richard ondersteun in die uitvoering van die taak.
2. Die uitslae van die eerste Afrigters Kursus van 12 en 13 Februarie 2010 is as volg:

   SA Vlak 1
   Du Preez Pierre (Natal) : Slaag teorie
   Fivaz Juandrè (Mpum) : Slaag teorie

   SA Vlak 2
   Digovich Adem (OG) : Slaag teorie
   Marais Sarel (NG) : Slaag teorie

   Bogenoemde afrigters moet die praktiese eksamen aflê en slaag voor die einde van die jaar ten einde te kan opgradeer. Hulle kan die praktiese toetsing by een van die volgende twee Afrigters kursusse of by 'n alternatiewe tyd soos ooreengekom met die Afrigters komitee aflê.

3. **Nasionale Oefening**

   Die nasionale oefening vind elke Woensdag plaas en wel op die volgende tye en plekke. Die Oefen datums en tye vir die PWV gebied tot en met Julie 2010 is as volg:

   - 7, 14, 21 en 28 April in NG Saal Pretoria
   - 5, 12, 19 en 26 Mei in Primrose by Primrose Stoeiklub
   - 2, 23 en 30 Junie in NG Saal Pretoria

   Die oefen datums en tye vir die nasionale oefen groepe buite die PWV gebied, sal deur die onderskeie verantwoordelike persone deurgegee word aan die stoeiers in die betrokke oefen groepe.

4. **Provinsiale Kursusse**

   Verenigings word versoek om die datums van hulle provinsiale kursusse in te stuur vir die Afrigters Komitee. Ons wil graag weet waar en wanneer dit plaasvind, sodat 'n lid afgevaardig kan word om dit by te woon ten einde die kursus te evalueer en hulp aan te bied waar nodig.

HULP TESOURIER SAKE

1. Baie dankie aan al die verenigings vir die samewerking met die registrasies. Die verenigings wat nog nie die onlangse skrywe met registrasies en finansies nagegaan het nie, word vriendelik versoek om dit asb te doen, en terugvoering aan my te gee.

2. Verenigings wat kalender opes hou, word herrinner om asb die inskrywings aan my te stuur vir die nagaan van die registrasies. Slegs Noordwes & Limpopo ope was ontvang. Pos dit asb aan Posbus 12838, Elspark, 1418 vir aandag: A Addinall

3. SAMS - Noord Gauteng & Oos Gauteng doen al hulle registrasies tans in die stelsel, en die proses werk goed. Beroep word gedoen op alle provinsies om te probeer om die systeem te gebruik. Indien julle enige hulp benodig om die stelsel te leer ken, skakel gerus met myself of Danie Odendaal.

SPANBESTUURDER SAKE

REGSADVIES KOMITEE:

MEDIESE KOMITEE:

ALGEMEEN:

MR DAVE VD MERWE:

Die uitvoerende bestuur het ‘n mosie van berou aanvaar vir die afsterwe van die voormalige President van die Federasie Mr Dave van der Merwe.

PROVINSIALE SPORT RADE:

Vereenigings moet asseblief verseker dat hulle by hulle plaaslike Provinsiale Sportrade affilieer. Die voordele is veelvuldig soos fondse vir ontwikkeling, transport, inskrywings en verblyf by toernooie. Indien u meer inligting verlang skakel gerus met Sakkie Bosse Vise President. E-Pos adres Sbosse@iburst.co.za, Phone: 021 988 8790 Sel 072 064 7373

OPE UITNODIGING:

Verenigings moet asseblief hulle ope uitnodigings aan Marga Odendaal stuur dat sy dit op die Web blad kan plaas. Dit sal u vereeniging ook help om seker te maak dat u Ope word adverteer en dat meer mense daarby kan uitkom. Die uitslae moet ook deurgegee word aan Marga vir plaasing op die webblad.

Vriendelike Stoeie Groete

Hennie van Heerden